

Preek: 11 Februarie 2018, GK Carletonville

Lees: Luk. 1:26-38; 1 Tim. 1:15; 2:9 - 3:2

HK Sondag 14: ... *gebore uit die maagd Maria* ...

Fokusvers: “En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan *volgens u woord*. (Luk. 1:38, A53)

Tema: **Lewe ons, reformeer ons, as gesinne en kerke, *volgens die Woord deur die Gees alleen*, of reformeer ons volgens die tydsgees ?**

Sing: Psalm 8:1,2,7; 86:1,3,6; 105:3,4,5; 128:1,4.

Prediker: ds. Slabbert Le Cornu

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Ons tema is eenvoudig, maar tog so belangrik:

*Lewe en reformeer ons volgens die Woord, deur die Gees, alleen,
of lewe en reformeer ons volgens die tydsgees,
om die Woord daarby aan te pas ?*

*Anders gestel: reformeer ons as kerke volgens die Woord deur die Gees
alleen, of pas ons as kerke aan by die tydsgees, wat die mens se sondige
hart wil ?*

Dit was tydens hierdie datums,

ongeveer tussen 10-12 Februarie 1859, dus 159 jaar gelede,

wat ons kerke, die GKSA, gestig of herstig is in Rustenburg.

Na baie jare, dekades se invloed van die liberale *tydsgees* in die eerste helfte van die 19^{de} eeu,

onder die invloed van die humanistiese *tydsgees* van die Franse Rewolusie ook op die kerk,

het dit uiteindelik op 'n punt gekom waar 15 gelowige godsvresende manne (onder wie PJW Schutte van die plaas Buffeldoorns is - van wie ons die naweek geleer het, asook die later pres. Paul Kruger),

deur die geloof verklaar het,

Ons as gereformeerdes wil volgens die Skrif alleen, soos bely in die geref. belydenisskrifte, 'n kerk wees een in leer, diens en tug soos dit gereël word deur die Dordtse KO 1618.

Die hele stryd teen humanisme (die mens is die middelpunt van alles, selfs in die kerk) en liberalisme (die mens is vry van God en sy wet wil wees selfs in die kerk), het sy klimaks of openbaring bereik in die stryd *oor wat gesing moet word in die kerke tot God se eer.*

Ja, die stryd vir die ware leer en kerkregering het die duidelikste na vore gekom in die stryd tussen Psalms en die sogenaamde 'evangeliese gesange'.

Maar, onderliggend aan wat gesing moes word, was die baie belangrike vrae:

- wat leer die Skrif oor aanbidding,
- die inhoud van die lied: moet dit Godsgesentreerd, of mensgesentreerd wees,
- is die Psalms genoegsaam vir die erediens, of moet die mens byvoeg by die erediens se loflied,

Dus, vir ons vaders was die afstigting, die rede vir ons kerke, geen middelmatige of randsaak nie, **dit het die aanbidding van God geraak**, geen geringe saak nie, dit is waarvoor ons geskep word, dit is waarvoor ons gered word: *om God te aanbid!*

Totius en Cachet, skryf later in hul boekie, *Waarom sing die GK alleen die Psalms*, in 1909,

Die kerksang in 'n erediens is beslis nie maar 'n kleinigheid of 'n middelmatige saak nie. 'Dit is gans geen bysaak nie. Juis die

teenoorgestelde.' **Die gemeenskaplike sang dien by uitnemendheid tot verheerliking van God.** Dit is 'n gemeenskaplike bede en danksegging tot God. Dit is die stem van die gemeente waarin hy uitdrukking gee aan sy diepste gevoel. 'Soos 'n mens sing so glo 'n mens. Deurdadig ons dit vanaf ons jeug af hoor, word die uitdrukking ons eie, en as dus die verkeerde leer in die kerksang gevind word, dan kan dit nie anders as die leer sal die gemeente oral deurdring.'

En nou geliefdes, die hartseer is, dat die gereformeerdes het na 1859, en veral in die 20^{ste} eeu, al meer hierdie reformasie begin vergeet, of begin aanpas, sodat teen 2009, ons kerke nou ook amptelik, nie meer bekend staan as hoofsaaklik Psalmsingende kerkverband nie. Ja, van 1939 het al meer Skrifberymings ingekom, 2009 is die deur oopgemaak vir Gesange, en nou in 2018, het so iets as 130 gesange bygekom, vanuit die Liedboek van die NGK, waarvan baie so ligsinning en leeg is, dat dit eintlik tragies is om te dink kinders van die Here wil dit sing, tot verheerliking van God in die eredienste.

Maar geliefdes, ons leer van hierdie geskiedenis, nie om by al die detail vanoggend stil te staan nie, sien gerus nr. 8-11 en 18 van ons gemeente se "Berea reeks", wat oor 1859 gegaan het en sake daarmee, vir verdere studie. Die twee sentrale sake wat ons moet raaksien, is:

- dat onderliggend aan elke kerkstryd, of kerksaak waaroor daar worsteling is, is daar 'n *ongeliggende Skrifbeskouing, Skrifleer*, betrokke.

In 1859 het dit uiterlik oor die sang gegaan, maar onderliggend daaraan was die stryd teen valse leer (wat deur gesange dwalinge die kerk in gesing is), die stryd teen arminianisme, stryd teen die dwang om gesange te sing, wat deur die NH kerk destyds afgedwing was in 1859.

Maar tweedens, moet ons raaksien:

- dat die sang vir ons vaders nie 'n middelmatige, onbelangrike saak was nie, dit was 'n wesentlike saak, dit gaan oor aanbidding, HK, So. 35, wat handel oor die tweede gebod, hoe ons God aanbid soos Hy beveel, en nie eie goeddunke nie (sien ook HK v/a 91; NGB art. 7, 32), dit is dus nie onbelangrike sake waaroor die GKSA ontstaan het nie.

Calvyn, skryf as volg op 'n plek:

*“As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die Christelike geloof onder ons vasstaan, en sy waarheid behou, sal gevind word dat die volgende twee dele nie alleen die belangrikste plek beklee nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens is, naamlik, **eerstens, 'n kennis van die manier waarop God reg aanbid moet word, en, tweedens, die bron waarvandaan verlossing verkry word.** As ons hierdie twee dinge nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos.”*

Dus, hoe ons aanbid en hoe ons gered word, staan wesentlik sentraal in die gelowige en die kerk van die Here se lewe, so was die twee sake ook sentraal en onderliggend, aan die Reformasie van 1859.

**Maar, geliefdes, nou vra u seker,
dankie vir die kerkgeskiedenis les,
maar, wat het dit te doen met HK Sondag 14,
en vir ons kerkwees en kerkstryd vandag, 159 jaar later ?
Vir hier, nou in die jaar 2018, vir ons eie tye ?**

Wel, dit het alles, maar alles te doen met mekaar,
want, die onderliggende stryd in 1859 en vandag is in wese dieselfde:
Dit gaan oor ons TEMA:

<p style="text-align: center;">Gaan ons die Woord volg deur sy Gees of gaan ons die tydsgees volg?</p>

Geliefdes, let op,

Hierdie twee sentrale sake, Skrifleer endat dit oor 'n wesentlike saak gaan,
is netso onderliggend aan die kerklike stryd wat ons kerke, ons
kerkverband, die afgelope 30/40 jaar beleef het,

*spesifiek oor die plek en rol van die vrou in die besondere ampte of
dienste.*

Dit het ons ook beleef, weereens met die pas afgelope sinode,
hoe hierdie twee sake sentraal gestaan het vir ons kerke.

Onderliggend aan die VIDA (vrou in die besondere ampte), is:

- 'n **sekere Skrifbeskouing**, 'n omgaan met die Bybel, hoe
ons die gesag van God se Woord aanvaar,

Ja, gaan die kerk die Skrif alleen deur die Gees volg,

of die tydsgees volg, deur die Skrif daarby aan te pas, te verander ?

En, tweedens, is dit nie 'n middelmatige saak nie, maar wesentlik. Dus, of 'n vrou ouderlinge en/of predikant kan word, openbaar wat jy glo oor die Bybel, en hoe ek met die Bybel omgaan, asook, of wat die Bybel self leer oor kerkregering, of die ampskwessie wesentlik is.

Hier is die aanslag op ons geloof, die tydsgees van die 20/21^{ste} eeu:

In die 20^{ste} eeu het die feministiese teologie en tydsgees opgekom, en die kerk al meer beïnvloed.

Waar dit aanvanklik gegaan het daarvoor om misbruike van die vrou te belig, **waaroor die gelowige saamstem**,

het dit later ontaard om die gesag van die Bybel self te verwerp,

of in die *evangeliese feminisme* so te verdraai,

dat duidelike Skrifgedeeltes soos 1 Kor. 14 en 1 Tim. 2,

nie meer aanvaar word as bindend vir die 'nuwerwetse kerk',

vir alle tye en plekke nie.

Dit word nou gesien as tydsgebonde, en verby, dit geld nie

meer vir vandag nie (sien bv die Bybel en Praktyk se verklarings by hierdie Skrifgedeeltes, asook al die beswaarskrifte van sinode tot sinode wat VIDA wil invoer, die afgelope paar dekades)

Ook by ons onlangse sinode (2018) moes ons dit weer hoor,

die tye het verander, die vrou is orals "bevry" (wat ons moet bevraagteken,

want orals word vrouens nog verslaaf aan beroepe, misbruik in die mediawêreld, ens.)

orals dra die vrou gesag en mag oor mans,

nou moet dit ook in die kerk plaasvind,

dus die kerk moet aanpas by die ... tydsgees!

Hoor u dit geliefdes?

Daar in die 1800's, voor 1859, is ook gemeen die kerk moet al meer by die liberale humanistiese tydsgees aanpas, by die tydsgees van die Franse Rewolusie, die groeiende humanisme waar die mens se behoeftes en begeertes sentraal staan.

Ja, nie die Skrif alleen nie (sola Scriptura), maar Skrif moet aangepas word by die tye, by die tydsgees.

En, dit is niks nuuts nie, dit is ook wat vandag die aanslag is, nog altyd is:

Ons hoor meer die oproepe, ongelukkig ook in ons eie kerke, nie die tye en tydsgees wat moet reformeer en onderwerp word aan God se Woord nie,

maar God se Woord wat moet verander word om by die tydsgees aan te pas ?

Wat die huwelik betref, is dit in die wêreld al so erg, dat ook die huwelik self tussen man en vrou vernietig word, waar gemeen word 'geslag maak nie saak' nie, man en man kan trou, vrou en vrou kan trou ...

En as dit reën in die wêreld, dan drup dit in die kerk ?

In die afvallige tydsgees kerk, is dit ook al meer so, en dit het begin, toe gesê word 'geslag maak nie saak' by VIDA nie, 'geslag maak nie saak' by wie mag in die besondere ampte dien nie. Die libare en vrysinnige slagspreuk en verdraaide propaganda, in die wêreld, en nou ook in kerke is:

- in die bybelse tye en in die kerkgeskiedenis het die vrou niks beteken nie, sy was bloot 'n besitting, geen waarde nie, sy is misbruik, so nou moet ons alles verander, ons moet of die bybelse leer oor man en vrou verwerp, of so aanpas dat vroue alles kan en mag doen, wat mans doen, en dan in ons eie kerke hoor ons: dat die vrou ook ouderling en predikant kan word ... want die tye het verander ... tydsgees ... Bybel moet anders gelees word.

Die antwoord op die feministiese tydsgees: die Woord alleen !

Nou geliefdes, wat is ons antwoord op ons feministiese liberale humanistiese tydsgees, wat reën in die wereld, maar al swaarder drup in die kerk ?

Ons antwoord geliefdes, vanuit die hele Skrif, is wat ons bely in die AGB, in die besonder in Sondag 14,

1. *Ek glo in God die Vader*, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
2. en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
3. wat ontvang is van die Heilige Gees, **gebore uit die maagd Maria**;
4. wat gely het onder Pontius Pilatus

Die AGB is die mees ekumeniese belydenisskrif ooit in die kerk se geskiedenis.

Alle, omtrent alle kerke tradisies, of dit RKK, Ortodoks of Protestant is, bely dit saam, ja, verskil oor betekenis, maar aanvaar en bely dit.

En hier word bely dat die vrou kosbaar is in die Here, Vader, Skepper en in sy kerk se oë, dat die vrou, saam met die man, ingeskakel is in sy reddingsplan, sy koninkryksplan met hierdie wereld, onder al die volke.

Dit was, en sal en mag nooit 'n stryd wees tussen geslagte nie, tussen man en vrou nie, maar die stryd is *tussen waarheid en leuen*, sonde en genade, reg en verkeerd, vir of teen Christus.

Maar terloops, wie is die 'bad guy' in die AGB, 'n man, Pontius Pilatus!

Dus, sien ons hier, kontra die feministiese tydsgees van die 20/21^{ste} eeu, dat die kerk het die plek van die vrou,

soos die Here aangedui het en dit bepaal het, erken, en ge-eer,

soos ons dit daar hoor: **'gebore uit die maagd Maria ...'**

Wat 'n wonderlike voorreg, vrouwees in Christus !

En Maria het haar roeping, van vrouwees, van uniek vrouwees

nie verag, nie klein geag, nie min geag nie,

(soos die feministe haar sou wou vertel nie?)

maar haar uniekheid was en is om kinders te baar,

en hier bo-alles, die Verlosser van die wêreld te ontvang,

in vreugde, in blydschap in diensbaarheid.

JUIS dit wat die radikale feminisme verag en haat,

en wat die evangeliese feminisme al meer ook nalaat in die kerke:

met die neerkyk trou, moederskap, kinders kry, opvoed.

Ja, toe die Here deur die engel aan haar die goeie tyding bring,
hoor ons by haar geloof, hoor ons by haar aanvaarding,
vir die rol en taak wat sy saam alle vroue deur die eeue het,
maar in die besonder wat sy uniek het as maagd om Jesus te ontvang:
En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan. (Luk. 1:38 A53)

Laat dit met my gaan **VOLGENS U WOORD** ...

Nie, volgens my wil nie, **nie volgens die tydsgees** nie,
nie my sondige begeertes nie,
nie volgens die losbandige bevryde vroue van die 1e eeu nie,
nie volgens die 'glanstydskrifte' van haar of ons dag nie.

Maar, "volgens U Woord" ...

Die Woord vanaf Genesis, 1:26-28

- a) wat leer man en vrou is gelyk in waarde en wese,
maar die Here gee hul verskillende take en ampte.
- b) wat leer deur die sondeval het albei geslagte in die sonde geval,
en is geneig om die Here en naaste te haat, ook die huwelik en
verhoudings, Gen. 3 waar die man sondig hard heers oor sy vrou, en vrou
wat die man se gesag in die Here sondig verwerp.
- c) maar, dank God, albei geslagte, word deur die geloof in Christus gered,
sodat hul weer as mans en vrouens saam die Here kan dien,
maar elkeen volgens die WOORD se bepalinge.

"Volgens U Woord" ... nie die tydsgees nie !

Ja, die Woord wat verder leer:

d) die wet van God handhaaf die waarde en eer van beide man en vrou,
Ex. 20:12, beide vader en moeder moet ge-eer word, nie net die man nie.

e) die Psalms en Spreuke, dink aan Spr. 31 wat die lof van vrou wees
besing, dat sy ook deel en in diens is van sy Koninkryk, volgens haar aard.

Weg met die feministiese verdraaiing van God se Woord,
veral as dit in die kerk nog plaasvind ! (2 Tim. 4:3,4)

f) En dan, **as Christus kom**, daar breek daar nog meer eer en vryheid vir
die vrou aan, baie beperkings in die OT word vervul in die NT,
dink maar aan die vrou wat ook by die teken van die verbond, die doop,
betrek word !

**MAAR haar unieke rol van vrou wees, moeder wees, anders wees
as die man, word nooit opgehef nie,
dit word geheilig in Christus.**

Die huwelik bly, die leierskap bly by die man, geheilig deur Christus,
sodat dit nou volgens die Woord al meer kan geskied.

Dink maar aan Ef.5, 1 Kor. 11, Gal.3:25-28, ens.,
saam gelyk gered, maar nog elkeen 'n besondere taak en roeping.
Christus se redding herstel sy skeppingsordening,
dit vernietig dit nie soos die feministiese teologie wil leer nie.

En ons sien dit ook in die verdere lewe van Maria,
sy is saam die ander manne apostels,
saam ander gelowiges getuies van die Evangelie,

dat haar Seun die Verlosser van die wereld is,
maar nooit vergryp sy haar ook aan die apostelskap nie.
Sy is ook teenwoordig in Hand. 1, as daar 'n apostel in Judas se plek
gekies moes word, maar Matthias word deur die Here aangewys.
Sy, wat Hom nooit verlaat het, soos die swak mans nie,
maar die Here roep die Adams om te lei, om te beskerm,
om te sorg, vandag nog.

En deur Paulus word die Here se finale wil ook gegee aangaande,
die regering, onderrig en leiding van sy kerk, daar in 1 Tim. 2 en 3,
wat ons gelees het,
waar die Here deur Paulus duidelik beveel dat die vrou,
nie mag leer en regeer oor die man nie (v.12,13),
dat die man die leiding moet neem in aanbidding, erediens, ens.
En dan hoor ons juis haar besondere taak en roeping,
weer daar in 1 Tim. 2:15 (lees)
iets wat ons kerke al lankal op moes fokus,
om die huwelik en gesin te herstel,
dan sal dit ook baie beter gaan met ons kerke ... en kerkgroei!
Ja, 1 Tim. 2:15 beteken nie almal trou en kinders kry nie,
nie eers alle vroue gaan trou nie,
nie almal ontvang die kinderseën nie,
maar dit is die unieke roeping van die vrou,
wat in Christus herstel word,

want dit is God se skeppingsordening, en wil vir die huwelik en die gesin EN DIE KERK !

Sommige verklaarders meen ook dat 1 Tim. 2:15 ook verwys na die redding wat plaasvind deur Maria wat Jesus gebaar het, vir watter doel ?

Sodat elkeen van sy kinders gered kan word, in en deur die geslagte, elkeen wat Hy uitverkies het, in die lyn van die genadeverbond !

Ja, en sodat elkeen van sy kinders weer hul roeping saam en afsonderlik as man en vrou kan vervul, in en deur die krag van Christus deur sy Gees, wat Hy vir ons verdien het, en weer terug gekoop het, om ons roepinge te vervul,

SOOS ONS DIT BELY DAAR IN SONDAG 14 (LEES)

VIDA as 'n wesentlike saak

En dan laastens geliefdes, is kerkregering nie 'n middelmatige saak nie, dit is baie belangrik, kontra wat soveel probeer beweer in ons tye.

Dit is 'n belangrike saak, soos ons sinode in 2016 en nou weereens besluit het in 2018,

deur beswaarskrifte en beskrywingspunte te verwerp,

wat meen VIDA is 'n middelmatige saak waaroor ons kerke maar kan verskil.

Ja, die Skrif leer kerkregering, ampte is sentrale saak:

Ons het gelees in 1 Tim. 1:15 en 3:1 van “dit is ‘n betroubare woord”

Hierdie frase wat Paulus gebruik, beteken:

- beklemtoning, en dit is nou belangrike sake: let op !

Die frase verskyn 6 keer in die Pastorale Briewe,

en handel o.a. oor:

- die evangelie (1 Tim. 1:15), en

- kerkregering, erediens sake ! (sien 1 Tim. 3:1, wat spreek tot dit wat voorafgaan, dus 1 Tim. 2:9-15 ... VIDA sake, en wat volg in 1 Tim. 3, kerkregeringsake, amps sake, DUS, nie onbelangrike middelmatige sake nie, maar sentral belangrik vir kerkwees,

waarin ons saam as kerke moet saamstem, een in leer, (ere)diens en tug oftewel, kerkregering.

Dus albei sake is belangrik:

- ware leer, die Evangelie, Skrifgesag en Skrifbeskouing (lied, aanbidding asook onderliggende Skrifbeskouing van VIDA), en

- kerkregering, hoe die ampte moet lyk en ingeklee word.

Onthou wat Calvyn gesê het ogv die Skrif: redding en aanbidding

So sien ons geliefdes,

- die reformasie van 1859 het oor baie belangrike sake gegaan,

so ook die kerkstryd van 2018, vandag en wat nog voorlê.

Want, daar is ongelukkig al gemeentes wat hul nie wil onderwerp aan die kerkregering van ons Here Jesus Christus soos geopenbaar in die Pastorale Briewe nie.

So geliefdes,
die vraag vir ons kerke,
vir ons kerkverband,
is soos in die 1800's,
vandag ook:

**Gaan ons lewe en reformeer volgens sy Woord en Gees alleen,
of gaan ons aanpas by die sondige tydsgees ?**

Maar die belangrikste oproep is,
mag daar by ons self elkeen persoonlik reformasie wees,
ons eie lewens,
ons gesinne,
ons gemeentes.

Sodat ons ook deur die geloof, soos Maria mag belydennd uitroep en leef,
elke dag in Christus, deur sy Gees, teenoor die tydsgees wat ons bedreig:

Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan **volgens
u woord** (Lk. 1:38 A53)

Amen.